MET EEN VOET IN DIE GRAF

RSG Radioteater

Uitgesaai op 15 Desember 2016

deur
William Oosthuizen

Opsomming RSG Potgooi: ’n Groep plaaswerkers kry die ontstellende nuus dat daar net een graf oop is in hulle begraafplaas. Hulle sal self moet besluit watter een van hulle dié gesogte rusplek verdien. Elkeen wil met waardigheid die tydige met die ewige verwissel, maar om jou eie stukkie ‘grond’ te bekom, moet daar dalk eers ‘n paar ou koeie uit die sloot gegrawe word... Tydens die dinamika wat volg, word universele menslike gedrag uitgebeeld met die tong in die kies en ‘n heerlike kinkel in die kabel.

Kopiereg/Opvoerregte: WILLIAM OOSTHUIZEN (e-pos: weoosthuizen@mweb.co.za)

ROLVERDELING

1	ADRIAAN:	oudste onder die plaaswerkers, segsman na Isak se dood
2	MARIA:	weduwee van Isak, ouer vrou, barmhartig
3	ANNA:	haar vriendin, ‘n paar jaar jonger
4	FREEK:	ouer plaaswerker, Anna se man, iesegrimmig
5	WYNAND:	die plaas se dronklap, doen loswerk, speel bekfluitjie
6	DAWID:	middeljarige plaaswerker, vol opinies
7	MEISIE:	jong vrou, sieklik, Adriaan se kleinkind

BYK: LAATMIDDAG. BEGRAFNIS GESANG IN DIE KERKHOF, GESANG DOOF GELEIDELIK WEG, DOOF IN OP MENSE WAT BEGIN PRAAT, NATUURGELUIDE IN THE A/G, AF EN TOE BLAF 'n HOND IN DIE VER A/G

ADRIAAN: *(MAAK KEEL SKOON*) Mense! 'n Oomblik van julle tyd!

DAWID: Stilte in die kerkhof, die oudste het iets op die hart!

ADRIAAN: *(MAAK WEER KEEL SKOON*) Dankie Dawid, dankie. *(WAG 'N LANG OOMBLIK VIR VOLKOME STILTE TERWYL MENSE KRIEWEL*) 'n Paar woorde, mense. *(KUG*) Ons sal hierdie dag nie gou vergeet nie. Om afskeid van Isak te neem is swaar. *(POUSE*) Hy was 'n goeie man, 'n gerekende lid van ons plaasgemeenskap. Ons gaan hom baie mis, dis nie altemit nie!

ANNA: Amen.

ADRIAAN: *(KUG*) Maria, ons gedagtes is saam met jou in hierdie donker tye.

MARIA: Dankie, Adriaan.

ADRIAAN: Nou ja, mense, dit is miskien tyd dat ons die feite in die oë begin kyk. Ek het dinge met die boer deurgepraat en die nuus is nie goed nie. Om die waarheid te sê, julle wil dit nie hoor nie.

BYK: WIND STEEK EFFE OP

DAWID: Nou wat sê jy nou eintlik?

ADRIAAN: In goeie tyd, Dawid, in goeie tyd.

FREEK: Dis nie asof ons die wêreld se tyd het nie. Kyk net vir ons, die meeste van ons staan al met een voet in die graf!

1 ADRIAAN: Daar's jy in die kol, Freek. Ons is 'n klomp oumense. Die jongmense sien plaaswerk mos as onfatsoenlik, hier is dinge te ver van alles af. Handearbeid is uit die mode uit. Die groot stad is mos deesdae die plek vir hulle, werk in kantore is wat hulle soek. Dis nog net ons klompie. *(POUSE*) En Meisie, maar ons kan haar nie regtig tel nie, sy's ook meer in die siekbed as buite in die vars lug, al is dit nou nie haar skuld nie. *(POUSE*) Maar kom ons los haar hier uit, vir eers.

BYK: STOOMTREIN KOM NADER VANUIT A/G, BEWEEG VERBY, FLUIT TWEE KEER IN A/G

2 ADRIAAN: *(SUG*) Tot die trein stop nie eers meer op ons stasie nie.

3 FREEK: Maar dit is tog nie nuus nie, Adriaan! Jy mors nou ons tyd so met jou langasem pratery, kry nou koers!

4 ADRIAAN: Kyk rond, mense. Wat sien julle?

5 DAWID: Maar net die grafte van ons volk wat oor die jare weggebêre is...

6 ADRIAAN: Kyk weer. Ons eie kerkhof is vol, daar is nog net een oop plot. Net een! Met al die nuwe ordinansies op die wetboek is ons hande afgekap, ons mag nie meer grond op die plaas uitlê vir 'n nuwe kerkhof nie. Mens is nie meer baas van jou eie plaas as dit by sulke dinge kom nie, aldus die boer.

BYK: WIND STERKER

7 ANNA: Nou wat gaan ons doen, Adriaan? Dis nie asof ons net kan verdwyn nie? Solank ons hier op Klipfontein bly moet ons tog hier heengaan, dis mos maar hoe dit is.

1 ADRIAAN: Die owerhede het besluit. Ons sterwelinge moet nou ons laaste lê kry in die dorp se kerkhof.

2 MARIA: Maar dis ver van hier, Adriaan, dit kan nie werk nie, families moet tog bymekaar uitgelê word! My oorle ma en pa is in hierdie grond weggebêre, toeka se tyd, en nou my Isak ook. Ek kan tog nie op ‘n ander plek weggebêre word nie!

3 ANNA: Maria is reg!

4 FREEK: Die dorp se kerkhof het nie eers skadubome nie, en wat nog te sê van al die geraas, die trokke wat daar verbyjaag, dag en nag, mens sal nooit ordentlike rus daar kry nie!

5 ANNA: Presies, so sonder ’n uitsig, op die soom van die grootpad! En hoe kan ons nou begin lepel lê saam met die dorpenaars? Nee wat, dit sal nie deug nie! *(POUSE*) Miskien moet ons maar begin dink om veras te word, dan kan ons op ’n manier nog hier op die plaas aanbly, gestrooi oor die lande.

6 FREEK: Nie vir my nie, nee, ek bly weg van sulke plekke af!

7 DAWID: Freek is reg, daai is net verneuk, dit sê ek jou! Ek het ’n antie gehad wat so veras is, sy was ’n *groot* vrou, het alleen op ’n dubbelbed moes slaap, en toe hulle haar kalbassie aste vir ons gee was dit net so ’n bietjie, ons was seker dis nie eers ordentlik die helfte van my antie nie, nooit was sy só lig nie! Maar die mense hou vol, dis alles van haar, en wat kon ons doen? ’n Bleddie verneukspul! *(POUSE)* Nee wat, dan laat ek myself liewers in die dorp se kerkhof inspit, die dag wat ek die gees gee.

1 ADRIAAN: Wel, een ding staan vas, ons gaan nie die owerhede ompraat nie, die wet is mos die wet. Ons kerkhof is vol, en dit is die einde van die saak.

2 MARIA: Daar is darem nog een plot in die kerkhof, hier langs Isak. Iemand moet dit tog kry!

3 ADRIAAN: Daaroor moet ons praat. Hierdie is ons kerkhof, dis uitgelê op ons deel van die plaas, so ons moet self besluit.

BYK: WIND WAAI NOG STERKER

4 ADRIAAN: Dit word donker, die wind gaan ons wegwaai, dis tyd dat ons huis se kant toe staan.

5 MARIA: Maar eers na my plekkie toe, daar's tee en ek het 'n groot baksel vetkoek in die oond. Meer as genoeg vir almal!

BYK: VOETSTAPPE OP GRUIS, IN DIE A/G SPEEL 'N BEKFLUITJIE, DOOF STADIG NADER NA V/G

6 DAWID: *(LAG*) En daar gaan ou Wynand. Luister net hoe treurig speel hy...sy gat stamp seker weer lekker!

7 FREEK: Goeie ding hy was nie vandag hier nie, kapabel om in die graf te val!

8 DAWID: Ja, met Wynand kan mens nooit seker wees wat gaan gebeur nie!

9 ADRIAAN: Kom, stap deur mense, laat ek die hek agter ons toetrek.

BYK: BEKFLUITJIE MUSIEK DOOF STADIG WEG, RAAK DAN STIL IN V/G, VOETSTAPPE OP GRUIS, KERKHOF SE HEK SWAAI STADIG TOE OP GEROESTE SKARNIERE, WEER VOETSTAPPE OP GRUIS, VOETSTAPPE DOOF STADIG WEG

MUSIEKBRUG

BYK: KOPPIES EN PIERINGS KLINGEL, MENSE GESELS, NAGGELUIDE

1 ADRIAAN: Maria, jy't jouself rêrig uitgesit, al die gebak, en dit in so 'n moeilike tyd. Jy moes nie al die moeite op jouself gevat het nie.

2 MARIA: Dis die minste wat ek kon doen, Isak sou dit so wou gehad het. Ek kan julle tog nie nou afskeep nie.

3 ANNA: Maria is net gelukkig as sy kan opoffer en ander help, jy weet dit tog!

4 ADRIAAN: *(LAG*) Ja, aan Maria sal mens nooit verander kry nie.

5 ANNA: Jy beter vasskop teen die dood, Maria. Wie anders gaan na ons omsien as jy nie meer daar is nie?

6 ADRIAAN: Kom nou mense, dis huistoegaantyd, Maria het 'n lang dag agter die rug! Kom ons gun haar 'n bietjie stilte en rus.

7 MARIA: Wag Adriaan, jy moet iets saamvat vir Meisie om te eet. Hoe gaan dit nou met haar, is sy effe beter?

8 ADRIAAN: Nee, haar longe pla, slegter by die dag, lyk my ons gaan haar weer by die kliniek in die dorp moet kry, weer vog aftap, arme kind.

1 MARIA: Hierso, Adriaan, vat so, ek het ’n paar vetkoeke toegedraai in ’n doek, hulle sal nog warm bly vir ’n tydjie.

2 ADRIAAN: Ai, Maria, jy’s te goed vir ons. Ek hoop Meisie kan iets oor haar lippe kry.

3 ANNA: Ja, Adriaan, eendag as jy nie meer daar is om na Meisie om te sien nie sal Maria seker inspring en sorg!

4 ADRIAAN: Dit kan ek nou nie van Maria verwag nie!

5 MARIA: Maar ek sal, ons is tog daar om na mekaar te kyk. Hoe dan nou sal ons anders oorleef? En ek het tog al soveel agter Meisie gekyk deur die jare, dis asof sy my eie kind is!

6 ADRIAAN: Wel, dankie sovêr, Maria, vir die vetkoeke.

7 MARIA: Altyd ’n plesier, Adriaan.

8 ANNA: Kan ek jou nie eers help opwas nie? Al die vuil koppies en so ’n deurmekaar plek wat ons jou mee los!

9 MARIA: Nee, ek gee nie om nie, ek moet myself tog besig hou.

10 ANNA: Nou laat weet maar as daar iets is wat ons vir jou kan doen.

11 ADRIAAN: Nagsê, mense! More is ’n werksdag. Ons moet vroeg wikkel, die reën dreig ... ons kan nie more ’n gat in die dag slaap nie.

MUSIEKBRUG

BYK: VROEGAAND NATUURGELUIDE, VOËLS RAAS, VOETSTAPPE OP GRUIS IN A/G, VOETSTAPPE DOOF NADER, KERKHOF SE HEK SWAAI STADIG OOP OP GEROESTE SKARNIERE, VOETSTAPPE OP GRUIS DOOF NOG NADER

1 MARIA: *(BY HAARSELF*) Isak, dis ek, Maria, ek het vir jou blomme gebring. *(SUG DIEP*) Ek is so alleen sonder jou! Jy moes nie voor my gegaan het nie! Onthou jy hoe ons daaroor gepraat het, die een wat agterbly sal belowe om blymoedig te wees? *(POUSE*) Maar dit was maar net woorde, en nou weet ek nie meer nie, alles is sommer net omgekeer, dis of my gedagtes net koers vat, hiernatoe en daarnatoe, as ek myself kry dan sit ek en huil. *(POUSE*) Ek kan net aan een ding dink, dat ek eendag hier langs jou te ruste gelê moet word. *(POUSE*) Ek wil in vrede heengaan, my ou man, wetende dat ons saam sal wees in die ewige slaap. Ons was tog al vyftig jaar saam en die dood mag ons nie skei nie. *(POUSE*) Elke een van ons het ons plek, en my plek is hier langs jou.

BYK: LAAT-OGGEND. VOETSTAPPE OP GRUIS IN A/G, VOETSTAPPE DOOF NADER, KERKHOF SE HEK SWAAI STADIG WEER OOP OP GEROESTE SKARNIERE, VOETSTAPPE OP GRUIS DOOF NOG NADER

2 MARIA: *(SKRIK*) Wie is daar?

3 ANNA: Maria, ek het gedink ek gaan jou hier kry.

4 MARIA: Anna! Jy't my laat skrik. Nou hoekom sal jy my dan soek?

5 ANNA: Jy moenie nou alleen wees nie, Maria, jy moet tussen mense wees. En om so by Isak se graf te sit en tob gaan jou net meer alleen laat voel.

6 MARIA: Anna, jy moet my help.

1 ANNA: Nou waarmee tog, Maria?

2 MARIA: Ek moet hier begrawe word, hier langs Isak.

3 ANNA: Moenie so praat nie, Maria, jy gaan nog baie jare leef, jy't nog huppel in jou stap!

4 MARIA: Hoor jy wat ek sê, Anna? Hierdie plot is myne. Niemand anders kan hier rus nie. Dis my plek, hier langs Isak. Myne alleen!

5 ANNA: Ons mense gaan dit nie so sien nie, Maria. Almal staan tou vir hierdie plot. En soos Meisie deesdae kwyn, ek sal nie verbaas wees as sy... Wag ek moenie so praat nie, die onheil luister mens mos af!

6 MARIA: Luister Anna, is dit nou verkeerd dat ek vir een keer iets vir myself vra? Net vir myself?

7 ANNA: Maar dis mos selfsugtig, glad nie soos ons jou ken nie!

8 MARIA: Nou goed, dan sê ek dit maar prontuit, dat jy weet hoe ek voel, dat jy die ander kan vertel. Dis miskien tyd dat julle vir een keer julle hande oopmaak om te gee en nie om te vat nie.

9 ANNA: Jy gaan kwade gevoeltes skep met so 'n houding, Maria. En vyande wil jy tog nie, so gou na Isak se afsterwe, dis nou juis die tyd dat jy vriende om jou moet hê, anders is jy stoksielalleen.

10 MARIA: Jy moet Freek vra om met Adriaan en die ander te praat, hulle luister na hom, hy het tog invloed onder die mense. Asseblief Anna, jy verstaan mos...

1 ANNA: *(SUG*) Ek sal nog terugstaan vir jou, ja. En ek sal met Freek praat, maar jy weet hoe hardkoppig hy is, en ek wonder partykeer? *(POUSE*) Nee, los dit maar.

2 MARIA: Wat is dit?

3 ANNA: Ek het nog altoos die gevoel gekry Freek is effe beneuk met jou. Of wat praat ek nou?

4 MARIA: Het hy iets teenoor jou kwytgeraak?

5 ANNA: Nee, ek het hom al daaroor uitgevra, maar al wat hy antwoord is dat hy nooit rêrig vat aan jou kon kry nie. En dit nadat julle saam hier op die plaas grootgeword het? *(POUSE*) Gaan my verstand te bowe, heeltemal te bowe.

6 MARIA: Praat net met hom, Anna. Dis al wat ek vra. Net dit.

MUSIEKBRUG

BYK: AAND. EETGEREI KLINGEL, MENSE EET

7 ANNA: Nog sop, Freek?

8 FREEK: Ja, so ’n halwe beker, so-ja. En gee weer die sout aan. *(POUSE*) So-ja, dit proe beter.

9 ANNA: Ek het vandag met Maria gepraat.

10 FREEK: En waaroor nogal?

11 ANNA: Sy’t haar hart op die laaste plot.

12 FREEK: So?

13 ANNA: Sy wil dat jy vir haar pad oopmaak by Adriaan en die ander, hulle ompraat om die plot vir haar te gee. Sy glo jy kan hulle oorbring na haar kant toe.

FREEK: Nou vir wat sal ek dit doen?

ANNA: Ek het haar gewaarsku, jou hand is toe. Maar sy't bly neul.

FREEK: Jy was reg. Ek gaan my nie hier inmeng nie, allermins vir Maria se onthalwe.

ANNA: Wat is dit van haar wat jou so krapperig maak, Freek? Sy's tog 'n goeie mens, so vrygewig.

FREEK: Ek't jou lankal gesê, ek verdra nie haar geveinsdheid nie.

ANNA: Nee, daar is iets meer as dit. Daar is iets wat jy my nie vertel nie.

FREEK: Watse bog het Maria nou kwytgeraak?

ANNA: Niks nie. Net soos jy praat sy ook nie. Maar daar is iets, ek het dit nog al die jare aangevoel.

FREEK: Nou praat jy snert.

ANNA: Ek weet miskien nie wat dit is nie, maar ek is nie onnosel nie. 'n Vrou het 'n gevoelentheid oor hierdie klas van dinge.

FREEK: Laat dit tog nou met rus, jy maak my skoon moeg.

ANNA: Ek hoor terloops Adriaan loop rond en vertel, die plot het reeds 'n nuwe baas.

FREEK: Nou wie nogal?

ANNA: Dit weet ek nie, miskien vat hy dit vir homself, hy's tog die ringkop onder ons. Het hy nie soort van eerste seggenskap nie?

1 FREEK: Adriaan moet maar weer sy somme maak! Niemand spring voor my in die ry nie. Bygesê, nie dat ek haastig is om die plot te gebruik nie!

2 ANNA: Nou wat sê ek vir Maria? Gaan jy haar nie help nie?

3 FREEK: Maria moet ook maar in die ry val, soos die res van ons. Vir my geld gaan kry ek my lê langs Isak voor ek Maria help om die plot te kry. En jy weet ek en Isak het nooit langs dieselfde vuur gesit nie.

4 ANNA: Ai Freek, jy's darem weer omgesukkel vandag.

5 FREEK: En jy krap op allerhande plekke waar dit nie jeuk nie! Laat gaan dit nou, en hou op om jou ore aan Maria uit te leen!

6 ANNA: *(KOM STEUNEND ORENT*) Ek gaan dan maar opwas. Ek het genoeg om my besig te hou sonder dat ek nog moet stry oor lêplek tussen die dooies!

BYK: SKOTTELGOED KLINGEL TEEN MEKAAR

7 FREEK: Ek gaan buite rook.

BYK: DEUR OOP

8 FREEK: *(STEEK PYP OP, HOES, PRAAT SAGGIES BY HOMSELF)* Kan jy nou meer! *(BEWEEG WEG)* Dat sy nou wil dat ek moet opstaan vir haar!

MUSIEKBRUG

BYK: VROEG-OGGEND. A/G VOETSTAPPE OP GRUIS, DOOF NADER, KLOP AAN DEUR, KORT STILTE

9 MARIA: Adriaan, is jy tuis?

ADRIAAN: *(PRAAT VAN VERTE, BEWEEG NADER)* Ek kom, ek kom, die deur is oop. En nou, Maria, wat maak jy hier? Is daar dan iets fout?

MARIA: Adriaan, ek moet met jou praat!

ADRIAAN: Nou kom in, Maria, kom in, moenie so buite staan nie, die luggie is koel.

MARIA: Dankie, Adriaan.

ADRIAAN: Sit, Maria.

MARIA: Adriaan, ons moet praat.

ADRIAAN: Wat is dit, Maria?

MARIA: Die laaste plot. Dis hoekom ek hier is, ek moet met jou praat.

ADRIAAN: Die plot het baas gekry, Maria.

MARIA: Nou wie, Adriaan?

ADRIAAN: Ek hou die plot uit vir Meisie, as jy moet weet.

MARIA: En hoekom nou juis vir haar?

ADRIAAN: Sy's sieklik, sy kan enige oomblik deur die laaste poort gaan.

MARIA: Of sy kan nog baie jare aangaan, soos enige een van ons. En wat dan?

ADRIAAN: Wel, dan sal ek die plot opneem, as ek voor haar sou weggaan.

MARIA: En hoe werk jy dit uit, so op jou eie, en jy praat nie met ons daaroor nie!

ADRIAAN: As die oudste van ons mense het ek seker eerste opsie oor die plot?

1 MARIA: Maar ons mense is nie eers geken nie, dit is tog nie iets wat jy net so met jouself kan besluit nie, so asof die res van ons bloot nie daar is nie!

2 ADRIAAN: Ek kan besluit, Maria! En ek het, so basta!

3 MARIA: Nee, Adriaan, jy kan ons tog nie net wegdink nie!

4 ADRIAAN: Ek voel vir jou, Maria, maar die saak is afgehandel. Ons moet nou vorentoe kyk, die lewe gaan aan.

5 MARIA: Wel, nie wat my betref nie. Ek het ook reg op die plot, my oorle Isak is langs daardie plot begrawe.

6 ADRIAAN: *(SUG)* Ja, ek ken jou sentimente, Maria.

7 MARIA: Adriaan, ek gaan dit nie net so laat nie. Ek het gehoop jy sal verstaan. *(POUSE, BEWEEG WEG)* Dis nie die laaste wat jy hiervan hoor nie.

MUSIEKBRUG

BYK: LAAT-MIDDAG. A/G VOETSTAPPE OP GRUIS, VOETSTAPPE DOOF NADER, KERKHOF SE HEK SWAAI STADIG OOP OP GEROESTE SKARNIERE, VOETSTAPPE OP GRUIS DOOF NOG NADER, NATUUR GELUIDE

1 MARIA: *(BY HAARSELF)* Isak, ek het vars blomme gebring. Laat ek sommer hier regmaak. *(STEUN SOOS SY BUK EN WERSKAF)* So ja, nou lyk dit meer skaflik. *(SUG)* Ek is bevrees dinge loop van die spoor af, Isak. *(POUSE)* Jy was toe al die jare reg oor Adriaan, al wou ek nie na jou luister nie. Hy's 'n ou regte slang, probeer so sommer die plot onder ons neuse steel. Ek het met hom gepleit oor die plot, maar nee. En nou moet ek sonder jou teen Adriaan van alle mense opstaan! *(POUSE)* Ek het gedink op 'n kol, miskien moet ek hieroor bid vir leiding, maar so kans kan ek tog nie vat nie. Wat as ek in die versoeking val en vra vir die plot? Dit sal nie reg wees nie, hierdie is 'n saak tussen my en die res van ons mense, nie vir 'n hoër hand om te bestuur nie. Wat keer Anna en al die ander om ook dan vir die plot te bid? Dit sal net 'n affêre afgee!

MUSIEKBRUG

BYK: LATER DIESELFDE DAG. VOETSTAPPE OP GRUIS DOOF NADER, KLOP AAN DEUR OP MIK, KORT POUSE, KLOP WEER AAN DEUR

2 FREEK: *(BEWEEG NADER)* Ja, ek kom, moet tog nie so ongeduldig wees nie! *(GRENDEL DEUR OOP)* Maria? Wat soek jy hier?

3 MARIA: Kan ons praat, Freek?

4 FREEK: Ons het niks vir mekaar te sê nie, Maria. Lankal nie meer nie.

5 MARIA: Kan ek inkom?

1 FREEK: Nee, jy kom nie in nie. Ons kuier nie. Ek weet nie waarom jy jou tyd en jou asem mors nie!

2 MARIA: Ek kom vra jou hulp, Freek.

3 FREEK: *(BLAF LAG)* Hulp? Wat ’n grap is dit, my hulp?

4 MARIA: Freek, die laaste plot in die kerkhof, die een langs Isak...

5 FREEK: Ja, Anna het my vertel, jy’t jou oog op daardie plot.

6 MARIA: Asseblief Freek. Adriaan en die ander mense luister tog vir jou, as jy voorspraak kan maak? Jy is al een wat Adriaan kan oorreed om die plot vir my te gee. Soos dit nou lyk...

7 FREEK: Nou waarom sal ek so iets doen?

8 MARIA: Ek *moet* in daardie plot tot ruste...kan jy nie verstaan nie, ek en Isak?

9 FREEK: Nee Maria, jy gaan maar jou kanse moet vat, soos die res van ons. Nie jy of Adriaan kan sommer so die plot julle eie maak nie!

10 MARIA: Freek, wil jy nou dat ek smeek? Moet ek op my knieë gaan voor jou?

11 FREEK: Te min te laat, Maria. Dit kan g’n verskil maak nie. Nie nou meer nie.

12 MARIA: So, jy het my nooit vergewe nie, Freek?

13 FREEK: Ek...nee Maria, ek het nie. Waarom sal ek?

14 MARIA: Dit het vyftig jaar terug gebeur, Freek.

15 FREEK: Nou waarom sal dit enigiets verander?

1 MARIA: Baie dinge het mos daarna gebeur, ons lewens is amper verby, en nou is Isak ook nie meer daar nie, maar jy's steeds bitter. Hoe kan jy so lank met 'n wrok leef?

2 FREEK: Het jy vergeet, Maria? Ons was verloof! Maar toe kom Isak hier op die plaas aan en skielik is ek nie meer goed genoeg nie. Daarvoor kan ek jou nooit vergewe nie. Nooit nie.

3 MARIA: Freek, dit was so lank terug, en dit was nie regtig, niemand het eers daarvan geweet nie.

4 FREEK: Hoe kan jy dit wegdink?

5 MARIA: Ons was nog bloedjonk, Freek, en buitendien, ons weet nou dit sou 'n fout wees as ons twee ... maar dis water onder die brug, gister se dinge.

6 FREEK: Maklik vir jou, ja. Jy los my net so en vat vir Isak, en hoe kan jy so ewe weet dit was 'n fout?

7 MARIA: Jy't tog later met Anna getrou, julle is gelukkig.

8 FREEK: Kyk jy nou in ander se slaapkamers in, Maria?

9 MARIA: Ek het maar aangeneem, jy en Anna is tog baie jare al man en vrou.

10 FREEK: Gaan hou jouself liewers besig met jou goeie dade! En gepraat daarvan, ek het nog altyd daaroor gewonder, dis so asof jy verskoning vra vir die lewe. Is dit omdat jy skuldig voel oor wat jy aan my gedoen het? Is dit?

11 MARIA: Freek, ek het nie bedoel... ek wou net, die plot... maar ek moes geweet het, jy's 'n harde man!

1 FREEK: Is dit al besigheid wat jy het, Maria, om by my te kom smeek?

2 MARIA: *(SUG)* Ja, Freek, net dit.

3 FREEK: Dan het jy jou tyd gemors, jy't ons beide se tyd gemors. Ek gaan g'n vir jou voorspraak doen nie. Nie nou nie en ook nie later nie.

4 MARIA: Freek, as jy nog vir my omgee, as daar nog net 'n greintjie gevoel by jou oorgebly het, dan...

5 FREEK: Nou daal jy laag, Maria.

6 MARIA: Freek, jy is die enigste uitweg wat ek het.

7 FREEK: My antwoord is nee, ek doen nie voorspraak nie. Waarom sal ek jou en Isak weer bymekaar wil bring? Wat baat dit my? Wat kry ek daaruit?

8 MARIA: Rus vir jou siel, Freek, want dis die regte ding om te doen.

9 FREEK: *(DOOF WEG)* Genoeg Maria, nie meer nie.

10 MARIA: *(ROEP AGTERNA)* Freek! Asseblief! Ek en Isak hoort by mekaar!

11 FREEK: *(DOOF MEER WEG)* Oor my eie dooie liggaam. Isak kry jou nie 'n tweede keer nie. Eenmaal was genoeg, eenmaal was te veel!

MUSIEKBRUG

BYK: OGGEND. PLAASGELUIDE, TREKKER WAT VERBYRY, HONDE BLAF, HOEDERS WAT VERJAAG WORD

12 MARIA: Nou dagsê Meisie, dis goed om te sien jy's op die been!

13 MEISIE: More antie Maria, ja, ek voel effe sterker vanoggend.

14 MARIA: Darem geslaap gekry?

1 MEISIE: Dankie antie. En ek moet ook nog vir antie dankie sê vir daai vetkoeke wat antie saam met my oupa gestuur het, daardie ander dag.

2 MARIA: Jy moet eet, kind, dat jy sterker kan word. Jy teer skoon uit, voer jou oupa jou dan nie?

3 MEISIE: Nee, kos het ek genoeg, antie, maar so met die sukkel om asem te kry is ek partykeer net niks lus nie, gaan maar so.

4 MARIA: Nou kyk agter jouself, ons wil nie nou weer begrafnis hou nie, en jy's boonop nog te jonk.

5 MEISIE: *(LAG)* Darem nie meer 'n meisiekind nie!

6 MARIA: Nou sê vir my, wat het jou oupa jou vertel van ...

7 MEISIE: Van wat, antie?

8 MARIA: Nee, los maar. Dis iets tussen my en jou oupa.

9 MEISIE: Nou verstaan ek nie?

10 MARIA: Jy sal weldra, my kind, jy sal weldra. Maar vir nou is dit beter dat ons dit net daar los.

MUSIEKBRUG

BYK: VROEG-OGGEND. HOND BLAF, A/G VOETSTAPPE OP GRUIS DOOF NADER

11 FREEK: *(ROEP UIT)* Adriaan! Ons moet praat!

12 ADRIAAN: Ja Freek, wat is dit nou? Ek's op pad na die skuur toe.

13 FREEK: Nou ja, dan stap ek sommer saam.

BYK: VOETSTAPPE OP GRUIS

1 ADRIAAN: Dan beter jy flink wees, met daardie ou mank been van jou maak jy my sommer stadig.

2 FREEK: Adriaan, die mense praat, die laaste plot is kwansuis Meisie s'n, of joune, hang af van wie mens mee praat. Jy het dit sommer so eiegoed vir jou familie gemaak. Asof julle vroeg geërf het!

3 ADRIAAN: Nou wat daarvan?

4 FREEK: *(EFFE UITASEM)* Gesteel, so onder ons neuse uit!

5 ADRIAAN: Ek's die oudste, dit gee my regte. En Meisie is sieklik. Almal weet dit.

6 FREEK: *(NOU BAIE UITASEM)* Ons mense gaan nie daarvoor staan nie, Adriaan.

7 ADRIAAN: Te laat Freek, te laat.

8 FREEK: *(STEEDS BAIE UITASEM)* Wat bedoel jy?

BYK: VOETSTAPPE STADIGER, VOETSTAPPE STOP, KORT STILTE

9 ADRIAAN: Dis my familiesake, Freek, en myne alleen.

10 FREEK: *(TREK DIEP ASEM IN)* Jy met jou streke, Adriaan, jy gaan jouself nog vasloop! Luister wat ek vandag vir jou sê! Al is niemand juis vreeslik haastig nie, kry die volgende een wat die emmer skop die laaste plot. Dis ons gebruik en so staan dinge totdat ons anders besluit.

11 ADRIAAN: Ek is die oudste van die mense.

12 FREEK: En maak dit jou almiskie beter as die res van ons? Nee Adriaan, vat 'n nommer en val in die tou.

MUSIEKBRUG

BYK: LAAT-OGGEND PLAASGELUIDE, GANSE ROEP, HOENDERS SKROP, HONDE BLAF

1 ADRIAAN: *(UIT AGTERGROND, BEWEEG NADER)* En hoe voel jy vanoggend, kind?

2 MEISIE: Ek moet maar aangaan, oupa. Dit help mos nie om te kla nie.

3 ADRIAAN: Kom sit hier, kind, kom sit hier in die son langs my. Ons moet oor iets gesels, ek en jy.

4 MEISIE: *(HAAL SWAAR ASEM)* Nou wat nou, wat moet ons oor praat?

5 ADRIAAN: Luister net na daardie bors van jou, arme kind, jy't ook maar jou kruis wat jy dra.

6 MEISIE: Ons almal het kruise, oupa, myne is net... *(BEGIN HOES)*.

7 ADRIAAN: Ai, my kind, as jou ma maar net gelewe het! Ek onthou nog daardie tyd...maar dis lank verby.

8 MEISIE: *(HOES WEER, TREK DAN STADIG HAAR ASEM IN)* Daar, ek voel beter. Wat is dit wat oupa oor wil praat?

9 ADRIAAN: Dis nie ’n lekker ding om op te haal nie Meisie, maar ons moet tog almal eendag oorgaan na die ander kant toe.

10 MEISIE: Ja oupa?

11 ADRIAAN: Dit gaan oor die kerkhof, my kind.

12 MEISIE: Wat van die kerkhof?

13 ADRIAAN: Het jy dan nie die mense hoor praat nie?

14 MEISIE: Nee, ek was mos maar meestal in die huis, oupa.

ADRIAAN: Nou die saak staan so, daar is maar min plek oor in die kerkhof, net die een plot, langs waar ons ou Isak laas week gebêre het. Nou kyk, daardie plot wil ek vir ons familie hou.

MEISIE: Vir my en oupa?

ADRIAAN: Ja, die een van ons twee wat ook al eerste gaan.

MEISIE: So dis wat antie Maria oor wou praat, die ander dag.

ADRIAAN: Wat sê jy daar, het Maria met jou hieroor gepraat?

MEISIE: Nee oupa, sy't net gesê daar is iets tussen haar en oupa, niks anders nie.

ADRIAAN: Nou kyk, Maria wil daardie plot hê, sy sal enigiets doen om dit te kry.

MEISIE: Maar hoekom kan sy dit nie kry nie, oupa? Dis tog langs uncle Isak, dit is die regte plek vir haar.

ADRIAAN: Moenie so praat nie, kind. Ons almal wil ons laaste lêplek in daardie kerkhof kry, Maria kan nie sommer voor in die ry indruk nie!

MEISIE: Maar oupa, ek wil nie daar langs uncle Isak begrawe word nie, dis nie my plek, so tussen al die ou mense nie! *(POUSE)*. Nee, ek wil eendag ’n dorp se begrafnis hê, met ’n regte wa en musiek.

ADRIAAN: Nou praat jy soos ’n kind. Ek wil dit nie weer hoor nie, dis die laaste hiervan. Jy praat met niemand hieroor nie!

MEISIE: Nou wat as mense my vra, oupa, wat moet ek dan sê?

ADRIAAN: Dan maak jy of jy niks weet nie! Sê vir die mense dat jou oupa Adriaan na sulke goed omsien.

1 MEISIE: *(SUG)* Ja, oupa.

MUSIEKBRUG

BYK: MIDDAG, DIESELFDE DAG, PLAASGELUIDE, 'N HOND BLAF, HOENDERS RAAS

2 DAWID: *(UITASEM)* Middag Freek.

3 FREEK: Nou waarheen is jy so haastig op pad, Dawid?

4 DAWID: Kerkhof toe. Ek gaan kyk, oor wat die mense praat.

5 FREEK: Wat's aan die gang?

6 DAWID: Adriaan het glo 'n grafsteen staangemaak by die laaste plot. Ek gaan kyk vir myself!

7 FREEK: *(STEUN)* Wag vir my, nie so vinnig nie, my been is nie meer so lekker nie.

8 DAWID: Glo alles mooi reggemaak net vir die dag as hy die emmer skop!

BYK: VOETSTAPPE OP GRUIS DOOF NADER, KERKHOF SE HEK SWAAI STADIG OOP OP GEROESTE SKARNIERE, VOETSTAPPE OP GRUIS DOOF NOG NADER

9 DAWID: Kyk, die gat is gegrawe en sy steen is geplaas, sommer 'n stuk sementblad.

10 FREEK: So wragtig!

11 DAWID: Staan terug, netnou val jy in die graf!

12 FREEK: Die swernoot, lees hier, op die grafsteen, klaar uitgekrap in die sement. Sy naam, nogal gebore so en so 'n dag en kyk, al wat kortkom is die dag van sy afsterwe! Ga!

1 DAWID: Hy kan sommer net kom inklim en sy lê kry die dag wat hy besluit om te gaan rus, alles wag op hom, hy het ons behoorlik voorgespring.

2 FREEK: Die ou blikskottel, probeer nog voorgee dat hy die graf vir Meisie oophou, sit dan sommer sy eie naam op die steen! Probeer sy siek kleinkind inspan as weerligafleier! Nee, so maklik skiet hy nie onder ons duiwe nie!

3 DAWID: Maar dis verby, hy het die laaste plot gevat.

4 FREEK: Oor my dooie liggaam sal Adriaan sommer vat soos hy lus kry. Hierdie plot is nie syne nie.

5 DAWID: Maar wat kan ons doen? Jy kan self sien dis te laat.

6 FREEK: Kom, help my!

7 DAWID: Nou wat doen jy nou, Freek?

8 FREEK: Ons gaan die grafsteen in die graf instoot.

9 DAWID: Maar wat gaan Adriaan sê as hy hoor...

10 FREEK: Adriaan het dit begin, nou baklei ons terug!

11 DAWID: Ek weet darem nie, dit is mos grafskending?

12 FREEK: Nonsens! Adriaan wil steel van ons en nou moet ons rug styfmaak, anders gaan hy daarmee wegkom. Gaan jy my help of net daar staan en kyk?

13 DAWID: Nou goed dan!

14 FREEK: *(STEUN EN KREUN)* Nog so bietjie heupgooi, amper daar!

15 DAWID: Versigtig nou, dit gaan kantel, so-ja!

16 FREEK: Staan terug, staan terug! Daar gaat hy!

BYK: GRAFSTEEN KANTEL EN VAL IN OOP GRAF

1 FREEK: *(LAG)* Nou kan Adriaan maar agterna spring! Wil ons mos probeer verneuk. Bleddie skelm!

BYK: IN DIE A/G SPEEL 'N BEKFLUITJIE, DOOF STADIG NADER

2 DAWID: En hier kom ons voorste kandidaat vir die plot. Soos ou Wynand suip gaan hy volgende die swart wa ry!

BYK: BEKFLUITJIE MUSIEK DOOF NOG NADER, RAAK DAN STIL

3 FREEK: So, Wynand, wat spoel jou hier uit? Op soek na 'n sopie? *(LAG)*

4 WYNAND: Nou wat dink julle gaan Adriaan hiervan sê? Hy's kapabel en gaan gee julle aan op die dorp! Netnou sit julle agter tralies!

5 FREEK: Nou wie gaan hom vertel?

6 WYNAND: Ek het alles gesien.

7 FREEK: Maar Wynand, nou praat jy mos lostong! Wat het jy dan so ewe gesien?

8 WYNAND: Alles, julle het die grafsteen so gestaan en kyk en toe...

9 FREEK: Wynand, wag so 'n bietjie. Wat van 'n bottel brandewyn?

10 WYNAND: Nou praat jy!

11 FREEK: *(KRAP IN SY BEURSIE, NOTE RITSEL)* Nou hier, vat so, hier's genoeg vir twee bottels brandewyn. Maar voor jy gaan, vertel my, wat het jy gesien?

12 WYNAND: Niks van niks nie, nee, ek het nie 'n ding gesien nie! Julle was nie eers hier nie! En ek ook nie! Boonop, die hek was mos gesluit, niemand kan niks sien nie!

13 FREEK: *(LAG)* Mooi so, Wynand!

BYK: BEKFLUITJIE MUSIEK BEGIN SPEEL, VERVAAG DAN MUSIEKBRUG

BYK: Laatmiddag. VOETSTAPPE OP GRUIS DOOF NADER, KERKHOF SE HEK SWAAI STADIG OOP OP GEROESTE SKARNIERE, VOETSTAPPE DOOF NOG NADER, NATUUR GELUIDE, VOËLS RAAS

1 MARIA: *(BY HAARSELF)* Isak, dinge gaan al slegter. *(SUG DIEP)* Niemand gaan vir my opstaan nie. *(POUSE)* En die ergste is, ek voel soos ’n regte sondaar om iets so graag te wil hê, net vir myself, so met Meisie wat so siek is, dis asof ek nie omgee vir haar nie. *(POUSE)* Maar ek het nie gekies dat die ding oor ons koppe kom hang nie. *(POUSE)* Wat meer kan ek doen? Dit lyk so of die dood ons tog mag skei, en ek nooit gaan vrede vind nie, ook nie jy nie. Hoe sal jy tog rus as iemand soos Adriaan hier langs jou gebêre word? Of erger nog, Freek? *(POUSE)* Ek wil nie eers daaraan dink nie, dit laat my sommer aan die bewe gaan.

BYK: VOETSTAPPE OP GRUIS DOOF NADER, KERKHOF SE HEK SWAAI STADIG OOP OP GEROESTE SKARNIERE, VOETSTAPPE OP GRUIS DOOF NOG NADER

2 MARIA: *(VERBAAS)* Meisie! Wat doen jy hier?

3 MEISIE: Middag, antie. Nee, ek het maar net kom kyk...

4 MARIA: Na wat kom kyk, kind?

5 MEISIE: Nee, na niks nie, antie.

MARIA: Nou praat jy deurmekaar, Meisie. Waarna het jy kom kyk?

MEISIE: Sommer na die oop graf, hier waar antie nou sit.

MARIA: Jy het na die plot kom kyk? Nou waarvoor dan?

MEISIE: Sommer kom kyk, antie, maar ek wil nie nou daaroor praat nie.

MARIA: Wat's aan die gang, Meisie?

MEISIE: Nee, niks nie, antie, ek wou net sien...

MARIA: Het jou oupa jou vertel van sy planne? Met die laaste plot?

MEISIE: *(SUG)* Ja, antie.

MARIA: Wat het hy gesê?

MEISIE: Niks nie, antie.

MARIA: Ek sien, hy wil nie dat jy daaroor praat nie, is dit die ding? Nee, jy hoef nie te antwoord nie.

MEISIE: *(HEFTIG)* Ek wil nie hier begrawe word nie, antie! Hierdie is antie se plek, hier langs uncle Isak, ek sal skoon ongemaklik wees as ek hier langs hom moet inkruip.

MARIA: Kom ons los dit maar, Meisie, jy word nou net ingetrek by goed waarvoor jy nie kan instaan nie. Jy't tog nie die lyf om teen die klomp verraaiers op te staan nie.

MUSIEKBRUG

BYK: OGGEND, TWEE DAE LATER, PLAASGELUIDE, HONDE BLAF, DIE STOOMTREIN BEWEEG VERBY, FLUIT TWEE KEER

FREEK: Nou wanneer laas het jy ou Wynand gesien?

1 DAWID: Laat ek dink, ja, die dag by die graf, toe jy hom omgepraat het met die brandewyn.

2 FREEK: Einste, ek het hom nog daardie middag sien aankom met twee bottels, daar van die winkel af, ’n bottel in elke hand.

3 DAWID: Maar dis al twee dae terug, hoe lank moet hy nog...

4 FREEK: Seker besig om homself te versuip.

5 DAWID: Twee bottels, dis doodsake, alles so sluk op een slag, pure gif!

6 FREEK: Lê maar seker sy roes en afslaap, iewers agter ’n boom.

7 DAWID: As hy nie self uitkom nie gaan ons hom moet soek. *(POUSE)* Wag, hier kom Anna. Miskien het sy vir Wynand gesien.

8 ANNA: *(BEWEEG NADER)* Nou wat is dit van Wynand?

9 FREEK: Hy’t spoorloos verdwyn, of in alle geval, dis hoe dit lyk.

10 DAWID: Wel, niemand het hom vir twee dae gesien nie. Soos Freek sê, spoorloos verdwyn. Miskien die emmer geskop!

11 FREEK: *(KLIK SY TONG)* Laat mens wonder.

12 ANNA: Hoe bedoel jy nou, laat mens wonder?

13 FREEK: As Wynand die emmer geskop het, soos David dink, waar is hy dan?

14 ANNA: Goeie vraag, ek sal nie kan sê nie.

15 FREEK: Nou dink ek maar net hardop. As Wynand nie meer met ons is nie, moet hy tog die laaste graf kry. En wie sal wil keer dat die mense daarvan hoor dat Wynand daar gebêre moet word?

16 ANNA: Nou volg ek nie, wat probeer jy dan sê?

17 FREEK: Dink mooi, wie sal sy liggaam wil wegsteek?

1 ANNA: Natuurlik! Iemand wat wil keer dat hy die laaste graf kry!

2 FREEK: Presies! En wie loop rond en vertel sy het beste aanspraak op die laaste plot?

3 DAWID: Maria!

4 ANNA: Ag nee, Freek, sy sal tog nie so iets loop aanvang nie!

5 FREEK: Jy ken haar nie soos ek haar ken nie! Maria draai nou teen haar eie mense! En sy het blykbaar Adriaan gedreig...

6 ANNA: Maar wat sê jy? Kan dit wees dat Maria so agterbaks sal wees?

7 FREEK: Maria sal enigiets doen om die laaste plot te kry, sy het self so gesê.

8 ANNA: Jy's reg daar, haar eie woorde, ja.

9 DAWID: Dan is ek nie verbaas dat sy Wynand se lyk wegsteek nie! Hoe voll skyn kan een mens dan wees?

10 FREEK: Miskien moet iemand haar blyplek deursoek, wie weet wat mens daar sal kry? Ek sal met Adriaan praat, hy's nou net hier verby.

MUSIEKBRUG

BYK: LATER DIE MIDDAG, PLAASGELUIDE, HONDE BLAF

11 ADRIAAN: *(ROEP)* Maria! Maria, hierso!

12 MARIA: Ja Adriaan?

13 ADRIAAN: Maria, ons moet praat. Kom ons staan eenkant se kant toe, hier in die skaduwee.

14 MARIA: Is dit oor die plot? Het jy met die ander...?

ADRIAAN: Dit is oor die plot, ja, op ’n manier. Jy sien, Freek was nou net by my en...hoe kan ek dit nou stel?

MARIA: Praat reguit, Adriaan. As dit Freek was het hy jou kop vol malligheid geprop, ek weet dit sommer.

ADRIAAN: Die hele plaas lê vol daarvan, dat Wynand nie meer met ons is nie.

MARIA: Wat? Is Wynand dood?

ADRIAAN: Dit is wat die plaasmense dink, en boonop dat jy iets het om weg te steek.

MARIA: Waarvan praat jy?

ADRIAAN: Van die plaasmense glo dat jy sy liggaam wegsteek sodat hy nie sy plek in die kerkhof kan opeis nie.

MARIA: Wat? Julle dink ek...en dit oor die plot wat ek wil hê?

ADRIAAN: Dis die lank en kort daarvan, ja.

MARIA: Maar dis om van te lag!

ADRIAAN: Ek verstaan hoe jy voel, maar ek moet iets daaraan doen. As oudste het ek tog ‘n plig teenoor die ander.

MARIA: Wat moet jy doen? Waarvan praat jy?

ADRIAAN: Ek het so gedink...as jy dat ek jou blyplek deursoek, net om seker te maak...

MARIA: Het jy mal geword, Adriaan? Jy sal g’n in my huis kom rondkrap asof ek ’n misdadiger is nie!

ADRIAAN: Jy maak ’n fout, Maria. As ek kan kom kyk, dan kan ons die saak vinnig regstel. Bygesê, as jy onskuldig is.

1 MARIA: As ek onskuldig is? Glo jy nou ook daardie snert?

2 ADRIAAN: Wel, as jy niks het om weg te steek nie sal jy mos nie omgee as ek deur jou blyplek kyk nie?

3 MARIA: Adriaan, jy kom krap nie in my huis rond nie!

4 ADRIAAN: Maria, ek het gehoop jy sal verstaan, ek probeer jou help. Maar jy los my g'n keuse nie, ek moet die gereg sy gang laat gaan.

5 MARIA: Die gereg?

6 ADRIAAN: Ek sal die polisie moet laat inkom.

7 MARIA: Wat praat jy nou?

8 ADRIAAN: Die polisie sal 'n lasbrief kry om jou plek deur te soek, van hoek tot kant. Is dit wat jy wil hê?

9 MARIA: 'n Lasbrief!

10 ADRIAAN: Ja Maria. En as ek jy is sal ek eerder saamwerk, voor dit te laat is.

11 MARIA: Adriaan, gaan verkla my dan as jy moet, my gewete is skoon. Laat die polisie met hulle lasbrief kom, ek het niks om weg te steek nie. Wragtig, as Isak nog gelewe het sou hy jou nou 'n loesing gegee het, 'n ordentlike loesing! En vir Freek ook! Skaam vir julle!

MUSIEKBRUG

BYK: LAAT MIDDAG PLAASGELUIDE, HONDE BLAF

12 DAWID: Ek hoor Adriaan wil met ons praat, iets belangrik glo, kan nie wag nie. Miskien is dit oor Wynand.

ANNA: Hier kom hy nou! Sê ons, Adriaan, is daar nuus oor Wynand? Het julle hom gekry?

ADRIAAN: Geen tyding nie, nee.

FREEK: Nou wat voor roep jy ons dan bymekaar? Het jy niks beter om te doen nie?

ADRIAAN: *(MAAK KEEL SKOON)* Mense, dis oor die laaste plot. Ek het weer oorweeg en miskien is dit beter as ek en my familie die knie buig, ter wille van ons eie gemeenskap.

ANNA: *(SAGGIES)* Nou skielik het hy ’n gewete!

FREEK: *(BROM ONDERLANGS)* Luister na hom. Natuurlik skrik op sy lyf gekry toe sy grafsteen in die gat beland het! Bang hy is volgende!

ADRIAAN: *(MAAK WEER KEEL SKOON)* Die plot dryf ’n wig in tussen ons mense. So, ek het plan gemaak om almal ’n gelyke kans op die laaste plot te gee.

FREEK: Nou laat ons hoor, Adriaan! Net solank jy ons nie weer probeer kul nie!

ADRIAAN: Ons gooi almal se name in ’n hoed en dan trek ons ’n naam. Dis dan die een wat die plot kry, syne om mee te maak wat hy wil, einde van die storie. *(POUSE)* Eerste in die hemel, laaste in die hemel, maak nie saak nie!

FREEK: Klink na ’n billike plan, as jy my vra. Maar wat van Maria, met die ding wat oor haar kop hang? Sy kan tog nie saamtrek nie? Dit sal verkeerd wees!

ADRIAAN: Ja, dis ’n taai een daardie. Met haar ’n verdagte in ’n saak.

MARIA: Adriaan, jy’s besig om vure aan te blaas!

ADRIAAN: Laat ons maar reguit praat, Maria. Almal weet van jou drif om die laaste plot te kry. Jy het dit nie probeer wegsteek nie.

MARIA: En hoekom sou ek?

ADRIAAN: En jy’t loop vertel dat jy enigiets sal doen om die plot te kry.

MARIA: Het ek?

ADRIAAN: Ja, jy het, hier’s getuies.

DAWID: Ons het so gehoor, ja. Jy’t dit gesê!

ADRIAAN: Nou Wynand is soek, en party van die mense dink dat jy iets wegsteek. En hoe meer ek na jou luister hoe meer wonder ek.

MARIA: Adriaan, dis onsin, en jy weet dit. Dis ’n verdraaide stuk onsin.

ADRIAAN: Jy wou nie dat ek kyk of Wynand miskien iewers...

MARIA: In my huis weggesteek is nie? Waarom sal ek ja sê vir ’n heksejag? Ek gaan nie dat julle my soos ’n misdadiger behandel nie! Ek weet nie waar Wynand is nie, en ek het dit aan jou gesê. Genoeg nou daarvan!

ADRIAAN: Maria, terwyl hierdie donker wolk oor jou hang ... dit sal verkeerd wees as jy ook ’n lootjie trek. Wat as ons later uitvind dat die gerugte tog vleis aan die been het?

DAWID: Ek stem saam, so kan sy ons nie kul nie! Sal haar verdiende loon wees as 'n ander vrou daar langs Isak begrawe word. 'n Jonger vrou!

1 FREEK: Wat ’n skandelike besigheid, en dit van iemand wie ons vertrou het!

2 MARIA: *(SUG)* Dis alles jou doene Freek. Tot op die fynste uitgewerk! Jy't Adriaan gaan ompraat om hierdie mal plan voor te stel en nou lag jy lekker!

3 FREEK: Maria, ek weet wat ek weet.

4 MARIA: Is die wraak soet genoeg, Freek?

5 FREEK: Moenie nou skoor soek nie!

6 MARIA: En jy, Anna? Het jy ook nou teen my gedraai?

7 ANNA: Ek dink...as Freek glo dit is regverdig, hy weet tog beter.

BYK: HOENDERHAAN KRAAI

8 MARIA: Is dit hoe julle my terugbetaal?

9 ANNA: Maria, ons doen net wat reg is.

1 MARIA: Kyk my in die oë, elke een van julle, en sê vir my julle het vergeet wat ek oor die jare vir julle gedoen het. Kyk vir my! Ja jy, Johannes, toe jy so siek was, wie het jou gesond gedokter en vir jou kos gebring? *(POUSE)* En jy, Delores, wie het vir jou kinders skoolklere gaan koop toe jou man skielik hier weg is met sy lone en ’n jonger vrou? *(POUSE)* En wat van jou, Petrus, het jy vergeet hoe Isak jou gehelp het om jou huis se mure weer op te bou na die groot storm? Hy het dag en nag gewerk, en nooit iets daarvoor gevra of gekry nie. *(POUSE)* En jy, Sofia, wie het jou siek kind elke dag opgepas, terwyl jy gekla het jy's te moeg om na haar om te sien? *(POUSE)* En Anna, ek hoef nie eers te noem nie.

2 ANNA: Hoe nou, Maria, verwyt jy ons?

3 MARIA: Nee Anna, ek wonder net of julle wel gewetes het. Maar ek sien wat ek sien.

4 ANNA: So nou moet ons skuldig voel? Dit laat ’n mens dink, wat was jou bybedoelings, al die jare?

5 DAWID: Almal wil die laaste plot kry. Ons kan nie selfsugtig wees daaroor nie!

6 ANNA: Is dit nou ons skuld dat jy jou goeie dade aan ons opgedring het? Ons het tog nie daarvoor gevra nie! En nou gooi jy dit in ons gesigte. Dit is om van skaam te word, Maria!

1 MARIA: Luister na julle! Hoe lui die gesegde? Geen goeie daad bly ooit ongestraf nie! Maar gaan aan, bou julle muur van skande sodat die wat later kom vir julle kan lag, of julle jammer kry!

BYK: A/G STOOMTREIN GAAN VERBY, BLAAS STOOM AF, FLUIT, DOOF WEG

2 ADRIAAN: Genoeg nou van alles. Ons kom weer vyfuur bymekaar, by die kerkhof. Wie wil saamtrek uit die hoed beter daar wees. Opskud mense, dis oor ’n uur.

3 DAWID: Wat van Wynand? Moet hy nie ook instem tot die plan nie?

4 FREEK: Sy ja koop mens sommer met ’n bottel brandewyn! As hy nog leef.

5 ADRIAAN: Ja, dit is soos jy daar sê, as hy nog leef. Vir al wat ons weet is Wynand nie meer met ons nie!

MUSIEKBRUG

BYK: VOETSTAPPE OP GRUIS DOOF NADER, KERKHOF SE HEK SWAAI STADIG OOP OP GEROESTE SKARNIERE, VOETSTAPPE OP GRUIS DOOF NOG NADER

6 MARIA: *(BY HAARSELF)* Wel, Isak, hier’s ek weer! Freek en die plaasmense het my toe gefnuik. Met die oudste truuk in die boek gevang, ’n valse gerug bene gegee. Maar ek gaan nie voor hulle lê nie.

BYK: HOND BLAF IN DIE VÊRTE

7 MARIA: *(BY HAARSELF)* Die hele spul van hulle het teen my gedraai. Almal behalwe Meisie.

BYK: DONDERWEER

1 MARIA: *(BY HAARSELF)* As hulle kon sou hulle my van die naaste boomtak gehang het. Hulle is netnou hier, om lootjies vir die plot te trek. Daar, ek hoor hulle naderkom!

BYK: STEMME IN DIE A/G, DOOF NADER

2 MARIA: *(BY HAARSELF)* Hulle het my gesien, Adriaan hou hulle by die kerkhof se ingang, seker te skaam om die laaste paar tree te gee. Wel, ek gaan na hulle toe!

BYK: DONDERWEER DOOF NADER

3 ADRIAAN: *(EFFE WEG)* Kom mense, kom nader, ons het besigheid om af te handel, die weer steek op!

BYK: VOETSTAPPE OP GRUIS DOOF WEG, KERKHOF SE HEK SWAAI STADIG OOP OP GEROESTE SKARNIERE, VOETSTAPPE DOOF NADER

4 ADRIAAN: *(OP MIK)* Maar wat maak jy hier, Maria, ons het tog...

5 MARIA: *(BEWEEG NADER)* Ek het na julle sirkus kom kyk. *(OP MIK)* Ek wil eerstehands sien hoe julle my uit my kans vir die plot verneuk. En ek wil hê julle moet sien dat ek dit sien, en dan saamleef met wat julle vandag hier gedoen het.

BYK: DONDERWEER DOOF NADER

6 ADRIAAN: Dis seker jou goeie reg! Nou toe, hier is ’n hoed met die name van ons plaas se werkers, myself ingesluit, en Meisie, sy’s te siek om hier te wees, maar ek staan in vir haar. *(POUSE)* Ook Wynand se naam, net sodat ons dinge ordelik doen.

1 FREEK: En Maria se naam?

2 ADRIAAN: Nee, haar naam is nie in die hoed nie.

3 MARIA: Steeds bekommerd Freek, dat geregtigheid mag geskied?

4 FREEK: Jy moenie nou met my neuk nie! Ons het sake om af te handel.

BYK: DONDERWEER DOOF NOG NADER

5 ADRIAAN: Nou as almal hier is, laat ons begin. Ek steek my hand in die hoed en trek ’n kaartjie...

6 FREEK: Miskien moet iemand anders dit doen!

7 DAWID: Stem saam, ja. Deursigtigheid en geregtigheid!

8 FREEK: Nou goed, wie?

9 DAWID: Ek vertrou Anna.

10 ADRIAAN: Reg. Anna, staan nader!

11 FREEK: Goed, laat Anna die kaartjie trek en...

BYK: DONDERWEER BAIE NABY

12 ADRIAAN: Mense, ons moet opskud, netnou is die reën op ons!

13 ANNA: Nou gee die hoed...so, ja, hier’s die kaartjie.

14 ADRIAAN: En die wenner is...nee, jy sal maar weer moet trek!

15 FREEK: Wat gaan nou aan?

BYK: DONDERWEER BAIE NABY

16 ADRIAAN: Wynand se naam is getrek, maar hy’s nie hier nie, Anna moet weer trek!

17 ANNA: Nou goed, dan trek ek weer...

BYK: A/G GEDEMPTE BEKFLUITJIE MUSIEK UIT DIE OOP GRAF WEERLIG SLAAN IN V/G

1 DAWID: Goeie herder! Wynand se spook! Ons moet hier wegkom, hierdie is ’n teken...

2 WYNAND: *(ROEP VANUIT GRAF)* Gaan niemand my hier uithelp nie?

3 DAWID: Dis Wynand! Hy leef! Hier onder in die graf! Help mense, dat ons hom hier uitkry!

4 WYNAND: *(STEUN EN BEUR)* Dis beter, twee dae in die gat en niemand antwoord as ek roep nie! *(POUSE)* Hees geskree en ek’s honger en dors! Gee bietjie water! Nou waar is my kaartjie? So ja!

5 FREEK: Maar, hoe het dit gebeur?

6 DAWID: Wynand, ’n bottel brandewyn vir jou kaartjie. Toe, wat sê jy? Twee bottels...

7 ADRIAAN: ’n Kas brandewyn, Wynand!

8 DAWID: Twee kaste brandewyn!

9 FREEK: Drie kaste!

10 DAVID: Dis nou jou kans om profyt te vat, Wynand, jou laaste kans! Vier kaste!

11 MARIA: *(ANGSTIG)* Wynand?

12 WYNAND: Ja, Maria?

13 MARIA: Is die plot te koop? Sal jy daaraan dink om die plot aan my te verkoop?

14 WYNAND: Nee, Maria, dit kan ek nie doen nie. Die plot is nie myne om te verkoop nie.

15 MARIA: Ek verstaan nie?

1 FREEK: Maar nou praat jy deurmekaar, Wynand, die twee dae in die graf het jou kop bietjie laat raas!

2 WYNAND: Nee, nee, ek's by my sinne, en nugter ook.

3 FREEK: Nou wat bedoel jy?

4 WYNAND: Net wat ek sê, die plot is nie myne om te verkoop nie. Sien, lank gelede, die winter nadat ek alles verloor het met die groot brand, toe ek een nag skuil vir die wind, daar agter die skuur, is die plot voor betaal.

5 FREEK: Ek onthou daardie winter, sneeu op die berge...

6 ADRIAAN: Praat tog sin, Wynand!

7 WYNAND: Ek was honger en koud, maar meestal koud, amper verkluim.

8 FREEK: Nou wat het dit met die plot uit te waai?

9 WYNAND: Onthou jy nog, Maria, jy het 'n stapel komberse langs my neergesit, en 'n fles sop, so sonder 'n woord.

10 MARIA: Ek onthou, Wynand.

11 WYNAND: Ek't bedoel om dankie te sê, maar miskien was ek te skaam, miskien...ek weet nie. Later was dit te laat daarvoor.

12 ADRIAAN: Waarvan praat jy, Wynand?

13 WYNAND: Die plot is nie te koop nie. Maria het toe al daarvoor betaal, so dis nie myne om te verkoop nie.

BYK: WEERLIG SLAAN OP V/G

14 WYNAND: Maria, vandag sê ek dankie. Hier's my kaartjie vir die plot, vir jou ewige rus!

BYK: DONDERWEER VERDOOF SY STEM, BEKFLUITJIE MUSIEK, IN V/G, DOOF METTERTYD WEG, MUSIEK

DIE EINDE